SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 28 JANUARIE 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Die bulletin word deur ZS6JPL via Echolink herlei. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za,afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag:

BAIE GELUK AAN AL AKERS, ZS2U

2018 SARL NASIONALE KONVENSIE

en

VERHOGING VAN DIE AMATEUR RADIO LISENSIE FOOIE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

BAIE GELUK AAN AL AKERS, ZS2U

Die President, Raad en die lede van die SARL wil graag Al Akers, ZS2U, gelukwens met sy 70 jaar lidmaatskap van die Liga sedert 1 Februarie 1948.

Al sê, "In die vroeë dae was soliede staat gelykrigters soos koperoksied, Selenium en verklikkers soos Galena. Buise is gebruik vir versterking. Tydens my eerste vergadering in Februarie 1948, het die voorsitter, Rex Bosman ZS2X, opgestaan en gesê, 'Menere, hulle het so pas 'n kristal ontwikkel wat kan versterk, dit word 'n transistor genoem.' Toe dink ek hoe die joos kan 'n kristal versterk, maar ek het sedertdien uitgevind."

Wel gedaan Al!

2018 SARL NASIONALE KONVENSIE

Die Pretoria ARK is die gasheer vir die 2018 SARL Nasionale Konvensie oor die naweek van 13 tot 15 April wat die SARL Algemene Jaarvergadering op 14 April 2018 insluit. Ons doel vanjaar is om amateur radio as 'n diens binne ons gemeenskap te bevorder. In hierdie mate sal ons inligtingskiosks aan radio amateur organisasies beskikbaar stel, wat hierdie organisasie toelaat om hul betrokkenheid by amateur radio te wys. Tot op datum het ons AMSATSA, SDR, BACAR, RaDAR, AWA en ander organisasies wat deelneem aan ons plan om amateur radio te bevorder. Die SARL en ander nabygeleë radio amateur klubs het reeds hul inligtingskiosk bespreek en sal hulle hul dienste en rol wat hulle in amateur radio speel vertoon. Let asseblief daarop dat inligtingskiosk

gratis aan amateur radio organisasies beskikbaar gestel sal word. PARC sal ook 'n mega-vlooimark aanbied en ons nooi alle radio amateurs wat hul oortollige toerusting wil verkoop om 'n tafel te bespreek om teleurstelling te voorkom en te verseker dat jy jou tafel vir die vlooimark het. Die vlooimark is oop vir alle radio amateurs.

Die Farm Inn Country Hotel en Wildlife Sanctuary venue waar die AJV en die Ekspo aangebied word, is ideaal geleë en ons verwag dat die wyer publiek die Ekspo gedurende die dag sal besoek. Ons wil graag nabygeleë klubs uitnooi om aan die Ekspo deel te neem en hul klub aktiwiteite, projekte en dienste uit te beeld. Let asseblief daarop dat inligtingskiosk gratis aan amateur radio-organisasies beskikbaar gestel sal word. Om 'n tafel te bespreek en ons meer inligting te kry, kontak Almero du Pesani, ZS6LDP, by almero.dupisani@up.ac.za of 083 938 8955 of kontak Etienne Naude by etienne@afrigrid.com of 082 553 0542.

Die program vir die dag is ook afgehandel. Die dag begin met die algemene jaarvergadering wat om 09:00 begin met 'n ligte middagete om 12:30. Die Expo en vlooimark sal oop wees sodra die AJV afgehandel is en om 16:00 sluit. Daar sal ook geleentheid wees vir diegene wat belangstel om later op die middag op R150 per persoon op 'n wild rit te gaan. Die Galadinee, wat iets spesiaals sal wees, begin om 19:00. Die Farm Inn bied verskeie luukse akkommodasie vir diegene wat graag Vrydag en/of Saterdagaand wil oorbly. Die akkommodasie tariewe vir hul ekonomie kamers is enkelkamers teen R650 per persoon per nag en as jy deel teen R550 per persoon per nag. Alle afgevaardigdes wat graag wil bly, moet vooraf akkommodasie bespreek. Om aanlyn te bespreek, gaan na www.farminn.co.za of kontak Farm Inn besprekings by 012 809 0266 of 0277. Daar is ook baie ander gastehuise en lodges in die onmiddellike omgewing van Farm Inn wat alternatiewe akkommodasie bied as jy nie wil bly by Farm Inn. Meer inligting hieroor in volgende week se bulletin.

SARL AJV DOKUMENTASIE

Middernag op Woensdag 31 Januarie is die sluitingsdatum vir nominasies vir SARL-toekennings en mosies wat tydens die SARL-vergadering bespreek sal word. Nominasies om op die Raad te dien, moet ook op daardie datum in wees. Stuur dit aan secretary@sarl.org.za.

VERHOGING VAN DIE AMATEUR RADIO LISENSIE FOOIE

OKOSA het die SARL in kennis gestel dat die lisensiegeld op 1 April 2018 met 5,3% verhoog sal word. Die nuwe lisensiegelde sal wees: 1 jaar - R 141.00 2 Jaar - R 269.00 3 Jaar - R 386.00 4 Jaar - R 492.00 5 Jaar - R 588.00

OKOSA sal vanaf 5 Februarie 2018 die faktureringproses vir die 2018/2019-tydperk begin. Radio-amateurs word daaraan herinner dat dit hul verantwoordelikheid is om te verseker dat hul lisensie op datum is. Indien daar vir een of ander rede geen faktuur ontvang word nie, maak seker dat OKOSA van enige adresveranderings ingelig is. Volledige instruksies oor hoe om aansoek te doen vir 'n multi-jaar lisensie is op www.sarl.org.za gepubliseer

KOSOVO WORD BY DIE DXCC LYS GEVOEG

Die ARRL berig dat die Republiek van Kosovo (Z6) by die DXCC lys van huidige entiteite gevoeg is, wat die totale aantal huidige DXCC entiteite tot 340 verhoog. Hierdie verandering kwalifiseer as 'n "gebeurtenis" wat effektief is vanaf 00:00 UTC op Sondag 21 Januarie 2018. Niks is terugwerkend nie.

Die ARRL Raad van Direkteure het 'n mosie goedgekeur om die DXCC-reëls te wysig toe dit op 19 en 20 Januarie vergader het. Afdeling II, Subartikel 1 van die DXCC-reëls, sal nou 'n nuwe subartikel (d) insluit: Die entiteit het 'n aparte IARU Lede Vereniging en is ingesluit by VSA Staats Departement se Onafhanklike State in die Wêreld.

Die volledige storie kan op www.arrl.org/news/ gelees word. Hierdie item kom uit die ARRL DX Bulletin gedateer 23 Januarie 2018.

Jy luister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

FEBRUARIE 2018 RADIO ZS

Die Februarie 2018 uitgawe van Radio ZS van is beskikbaar vir aflaai. Hierdie 60-bladsy-uitgawe is gevul met antenna artikels en die wenners van die Radio ZS Antenna Ontwerp kompetisie word aangekondig. Daar is 'n artikel oor pico-ballonne, Mike, ZS2FM, voltooi sy reeks oor die geskiedenis van amateur radio tussen die twee wêreldoorloë en Henry, ZS1AAZ, het drie interessante artikels verskaf.

TWEEDE OPROEP VIR RUIMTE SIMPOSIUM REFERATE

AMSAT SA het 'n tweede oproep uitgereik vir die indiening van referate vir die jaarlikse Ruimtesimposium wat op 19 Mei 2018 by die Innovation Hub in Pretoria gehou sal word. Die tema is die ondersoek van amateur radio met satelliete en nuwe ruimte grense. Die datum vir indiening is verleng tot 28 Februarie 2018. Vir besonderhede, besoek www.amsatsa.org.za.

PEARS EN HAMNET OOS-KAAP BEGIN OM BESIG TE RAAK

Tony Allen, ZR2TX, die geleentheid koördineerder vir PEARS het die voorlopige lys van gebeure vir die jaar bekend gemaak en voorbereidings is tans aan die gang vir die gebeure wat die eerste kwartaal van die jaar dek. PEARS met die hulp van Hamnet Oos-Kaap sal logistieke en nood kommunikasie verskaf vir die volgende gebeure:

Die Herald Bergfiets wedren in die Addo-berge op 18 Februarie, gevolg 'n week later deur die Herald-padwedren op 25 Februarie.

Die "Addo Trail Run" 'n gebeurtenis wat 'n 160 km ultra-roete en verskeie kleiner gebeurtenisse insluit, word jaarliks in die Addo Nasionale Park gehou. Weereens sal die plaaslike amateurs help om almal in verbinding te hou en om boodskappe deur te stuur aan die mense wat dit benodig. Dit is 'n goeie geleentheid vir die operateurs om in die park te kamp - dikwels in dele wat vir die publiek gesluit is. Dit vind plaas tussen 2 en 4 Maart.

April sal die volle Ironman-geleentheid in Port Elizabeth plaasvind en die kommunikasie vir die geleentheid is aan die plaaslike amateur radio gemeenskap toevertrou.

Ander geleenthede waarvoor PEARS en die Hamnet Oos-Kaapse radio amateurs kommunikasie sal lewer, sluit in die Groot Zuurberg Trek, die VW-tydren, die Trans-Baviaanse Bergfiets Wedren (albei naweke), die Ironman 70.3-wêreldkampioenskap en die 5150-driekamp.

As radio-operateurs kry ons die voorste sitplekke met al die aksie. Indien jy vir enige van hierdie geleenthede by ons wil aansluit, kontak asseblief Tony Allen ZR2TX per e-pos by tony.zr2tx@gmail.com vir verdere besonderhede.

ADV GELYKGOLF AKTIWITEITSDAG

Sondagmiddag 4 Februarie is die Antieke Draadloos Vereniging se Gelykgolf Aktiwiteitsdag van 15:00 tot 17:00 SAT. Die doel van die Gelykgolf Aktiwiteitsdag is dat deelnemers soveel amateurs as moontlik op die 20, 40 en 80 meter amateur bande met gelykgolf kan kontak. Daar is 5 kategorieë wat QRP en hoë krag gebruik. Sertifikate sal aan die hoogste punte behaal word in elke kategorieë gegee word. Frekwensies tussen 14 000 tot 14 060 MHz; 7 000 tot 7 035 MHz en 3 500 tot 3 560 MHz kan gebruik word en die uitruiling is 'n RST verslag, jou roepsein en ruit vierkant. Logstate in ADIF of Excel formaat moet gestuur word na andyzs6ady@vodamail.co.za. Lees asseblief die 2018 SARL Blouboek vir al die relevante inligting.

AFRIKA LIDLANDE INGELIG OOR BHF

Dennis Green, ZS4BS, Sekretaris van die SARL, het gesê dat hy die nuus-item "Uitroep vir Alle BHF Amateurs in Sub-Sahara Afrika" aan 25 Afrika lede verenigings gestuur het. Dit kan help om BHF-aktiwiteite in daardie lande te bevorder en uit te brei. Sterk Sporadiese-E-openinge kom byna daagliks voor van middel November tot ongeveer die begin van Februarie wanneer die Son so ver suid beweeg as die Steenbokskerm. Hierdie enkel-hop Sporadiese-E openinge verskyn om die middag tyd en duur vir 'n uur of twee, aangesien die geïoniseerde wolk in die E-laag hieronder die son se beweging weswaarts volg en so ver suid as Port Elizabeth aangeteken is. Lande so ver noord as die Ewenaar, soos die Kongo en Kenia, kan maklik deur dubbel-hop Sporadiese-E gewerk word.

Meteor Strooi is 'n ander modus wat BHF kommunikasie dwarsdeur die jaar aan Afrika kan verskaf. Dan is daar die Tropiese Tropo-voortplanting wat blykbaar ook deur windskuif geraak word en sy grille waarvan ons nie weet nie. As BHF in minstens een of twee van hierdie lande suid van die Sahara kan begin, kan dit betyds groei en 'n nuwe BHF-wêreld oopmaak, wat vir alle BHF-amateurs in Suid-Afrika van groot nut kan wees.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan wees. Daar is tans geen sonvlekkke sigbaar nie. Daar word voorspel

dat gedurende 2018, dit ten minste vir 50% van die tyd die geval gaan wees. Diegene wat hul eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

31 Januarie Sluitingsdatum vir Nominasies vir die Raad, SARL Toekennings en AJV Mosies 3 Februarie Oos-Rand Radioklub Snuffelmark 4 Februarie ADV Gelykgolf Aktiwiteitsdag 10 11 Februarie die SARL Nasionale Velddag en die CQ WPX RTD kompetisie 13 Februarie Wêreld Radio Dag 17 Februarie die SARL Jeug Naelloop 17 en 18 Februarie die ARRL DX Gelykgolf Kompetisie 24 Februarie die Wesrand ARK Snuffelmark 25 Februarie die SARL Digitale Kompetisie 28 Februarie die sluitingsdatum vir voorstelle en opsomming vir AMSAT SA Ruimte Simposium dokumente en die sluitings datum vir nominasies vir die SARL Amateur Radio Eregallery

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die President, Raad en die lede van die SARL wil graag Al Akers, ZS2U, gelukwens met sy 70 jaar lidmaatskap van die Liga sedert 1 Februarie 1948.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 4 895 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Emile Venter, ZS6V, geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX